DA - 70

"BEELD"

ANC se geweld in '60 "begryplik"

DA-70

BEELD, VRYDAG, 26 SEPTEMBER 198

• Strategie nou teenproduktief – min. Heunis

# ANC se geweld in '60 is 'begryplik'

DAT die ANC in die vroeë jare sestig geweld voorgestaan het, is begryplik, hoewel dit nie goedgekeur kan word nie, het mnr. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, gister in Johannesburg gesê.

Politieke geweld vandag is teenproduktief en het 'n negatiewe invloed op hervorming, het mnr. Heunis gesê. Hy het 'n seminaar van die Sentrum vir die Ondersoek na Revolusionêre Bedrywighede aan die RAU in Johannesburg toegespreek oor die invloed van geweld op die hervormingsbeleid van die Regering.

ANC-geweld in die jare sestig is verstaanbaar omdat "daar destyds geen uiting vir swart politieke deelname was nie". Die posisie vandag is anders en geweld is nou teenproduktief.

Daar is 'n groot verskil tussen 1960 en 1986, het min. Heunis gesê.

Alle gemeenskappe deel vandag in die politieke proses en die Regering besef die noodsaaklikheid van swart deelname ook op die eerste vlak van regering. Daarom het hy hom dit ten doel gestel om 'n struktuur te vind waarin nie een groep 'n ander een sal oorheers nie.

Om so 'n struktuur te skep, sal samesprekinge verg, daarom is die Nasionale Raad in die lewe geroep. Die ANC is nie hiervan uitgesluit nie – al wat hy moet doen, is om geweld af te sweer.

Die gebruik van geweld het in Suid-Afrika in die praktyk ook geen politieke resultate opgelewer nie, het hy gesê. Hy het 'n beroep gedoen om vreedsame samewerking in die proses van hervorming.

Die Regering se proses van hervorming sal voortgaan, ongeag geweldpleging. Die Regering wil die noodtoestand ophef so gou as wat dit vir hom moontlik is, het hy gesê.

Geweldpleging het in die verlede wel 'n rol gespeel om 'n bewustheid van omstandighede te skep, maar die Regering "het intussen bewys dat hy die noodsaaklikheid van hervorming besef en geweld is vandag teen-produktief".

Die Regering verwerp die argumente wat geredelik opgeopper word om politieke geweld te regverdig.

Dit is dat die Regering hervorming toepas slegs weens druk deur politieke geweld, dat daar geen ander manier is waarop swart aspirasies en frustrasies tot uiting kan kom nie en dat die huidige geweld slegs 'n reaksie op strukturele geweld deur die Regering is.

Min. Heunis het ten slotte gesê die Regering het reuse-stappe vooruit gedoen wat geïgnoreer word deur mense wat sê politieke geweld is slegs 'n reaksie op strukturele geweld.

BEELD - VRYDAG 26 SEPTEMBER 1986

Strategie nou teenproduktief - min. Heunis

ANC se geweld in '60 is "begryplik"

Dat die ANC in die vroee jare sestig geweld voorgestaan het, is begryplik, hoewel dit nie goedgekeur kan word nie, het mnr Chris Heunis, Minister van Staatskundige Ontwikkeling en Beplanning, gister in Johannesburg gese.

Politieke geweld vandag is teenproduktief en het 'n negatiewe invloed op hervorming, het min Heunis gese. Hy het 'n seminar van die Sentrum vir die Ondersoek no Revolusionere Bedrywighede aan die RAU in Johannesburg toegespreek oor die invloed van geweld op die hervormingsbeleid van die Regering.

ANC-geweld in die jare sestig is verstaanbaar omdat "daar destyds geen uiting vir swart politieke deelname was nie". Die posisie vandag is anders en geweld us nou teenproduktief.

Daar is 'n groot verskil tussen 1960 en 1986, het min Heunis

gese.

Alle gemeenskappe deel vandag in die politieke proses en die Regering besef die noodsaaklikheid van die swart deelname ook op die eerste vlak van regering. Daarom het hy hom dit ten doel gestel om 'n struktuur te vind waarin nie een groep 'n ander een sal oorheers nie.

Om so 'n struktuur te skep, sal samesprekinge verg, daarom is die Nasionale Raad in die lewe geroep. Die ANC is nie hiervan uitgesluit nie - al wat hy moet doen is om geweld af te sweer.

Die gebruik van geweld het in Suid-Afrika in die praktyk ook geen politieke resultate opgelewer nie, het hy gese. Hy het 'n beroep gedoen om vreedsame samewerking in die proses van hervorming.

Die Regering se proses van hervorming sal voortgaan, ongeag geweldpleging. Die Regering wil die noodtoestand ophef so gou as wat dit vir hom moontlik is, het hy gese.

Geweldpleging het in die verlede wel 'n rol gespeel om 'n bewustheid van omstandighede te skep, maar die Regering "het intussen bewys dat hy die noodsaaklikheid van hervorming besef en geweld is vandag teen-produktief".

Die Regering verwerp die argumente wat gereeld geopper word om politieke geweld to regverdig.

Dit is dat die Regering hervorming toepas slegs weens druk deur politieke geweld, dat daar geen ander manier is waarop swart aspirasies en frustrasies tot uiting kan kom nie en dat die huidige geweld slegs 'n reaksie op strukturele geweld deur die Regering is.

Min Heunis het teen slote gese die Regering het reuse-stappe vooruit gedoen wat geignoreer word deur mense wat se politieke geweld is slegs 'n reaksie op strukturele geweld.

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.